# Laerskool Simon van der Stel
## TOON MEEGEVOEL

Geagte Ouers

OMSENDBRIEF 10/2019
9 April 2019

**PRETLOOP: VRYDAG, 12 APRIL 2019**

**Let asseblief op die volgende finale reëlings ten opsigte van die pretloop wat op Vrydag, 12 April in Wynberg Militêre Basis plaasvind:**

- 08:00 - Register word in klasse geneem.
- 08:30 - Klasse beweeg na rye en daarvandaan na die hoofhek. Almal beweeg in klasgroepe oor na die Ovat (Militêre Polisie help by verkeersligte).
- 09:00 - Bekendstelling van temas vind plaas. (Elke klas kies vooraf 'n tema).
- 09:30 - Pretloop begin in klasgroepe.
- 11:00 - Stap terug skool toe.
- 11:30 - Kospakkies word uitgedeel.
- 12:00 - Terug na klasse.
- Klasse verdaag volgens normale tye.
- Kinders moet met gemaklike stapklere en -skoene skool toe kom.
- Bring eie waterbottels vol water, sonskerm en pette.
- 'n Voertuig met mediese personeel gaan die hele tyd die roetes ry om hulp te verskaf indien nodig.
- U is baie welkom om die dag se verrigtinge saam met ons te kom geniet - ons gaan rustig stap en ontspan! Kontak u klasonderwyser t.o.v. u deelname.
- **Kom voorbereid ten spyte van die weer. Ons sal die oggend 'n finale besluit neem. Bring maar jou tas saam skool toe, ingeval die weer ons nie toelaat om te stap nie.**



**Baie dankie aan elkeen van u vir die hulp met die borglyste en aan die volgende persone en instansies wat hulp verleen:**

- Die personeel van Simon van der Stel.
- Mev. A. Olivier vir die kospakkies.
- Die Militêre Polisie en die sportkantoor.
- Al die kinders en ouers vir die entoesiasme!
- Mevv. B. Reynard en L. Voigt vir die goeie pryse wat gewen kan word.
- Mnr. Mageman vir mediese bystand.

Die borglyste en geld moet op die laatste teen 30 APRIL ingehandig word.
Die aansporingspryse is aangeheg.

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning waarsonder ons beslis nie hierdie projek sou kon aanpak nie.

Vriendelike groete

L.L. HEFER
*wnd. SKOOLHOOF*



---

**LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL**
WATERLOO GREEN – WYNBERG 7800
TEL: (021) 762-2234 / 797-0494
E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za / personeel@svdstel.co.za / heferlaura@gmail.com

**KENNISGEWING VAN BEHEERLIGGAAMTUSSENVERKIESING**
**DONDERDAG, 11 APRIL 2019, OM 18:30 IN DIE SKOOLSAAL**

**Tussenverkiesing van *Ouers* van Leerders as Lede van die Beheerliggaam**

**NAAM VAN SKOOL: LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL**

Ons lig u graag weer in van die beheerliggaamtussenverkiesing vir **OUERS** as lede van die beheerliggaam vir bogenoemde skool, wat op **DONDERDAG, 11 APRIL 2019** om **18:30** in ons skoolsaal gaan plaasvind. Daar is een portefeulje naamlik, Fondsinsameling, wat gevul moet word.

Daar is alreeds ouers vooraf genomineer vir die verkiesing. Daar mag wel nog ouers genomineer word op die aand van die verkiesing.

Indien u u kinders wil saambring, sal daar toesig vir hulle wees tydens die verrigtinge.

**U moet asb. 'n vorm van identifikasie, soos byvoorbeeld ID of bestuurslisensie saambring.**

Dui asseblief op die afskeurstrokie aan of u die verkiesing sal kan bywoon.

Vriendelike groete

**L.L. HEFER**
**(WND. SKOOLHOOF)**

**MNR. J. STEYN**
**HANDTEKENING VAN KIESBEAMPTE**

**ADRES:** P/a Laerskool Paul Greyling
Sunrayweg
VISHOEK
Tel.: (021) 782-3940

..............................................................................................................

Ek, ____________________ ouer/voog van ____________________ in graad ______ sal die beheerliggaamtussenverkiesing kan bywoon.

JA [ ]     NEE [ ]

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG: ____________________